

Hoofstuk van die dag: Matteus 10

> *Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. (vers 29)*

Ek weet nie hoe die woorde “die wil van” in die 1983-vertaling

van dié vers gekom het nie. Die 1933- én 2020-vertalings vertaal: “sonder julle Vader”. Want in die Grieks staan niks van die wil van die Vader nie. Daar staan dat ’n mossie nie sonder die Vader op die grond val nie.
Dis die punt: Daar waar dinge gebeur, is die Vader teenwoordig. Hy weet nie maar net daarvan nie, Hy is by wanneer dit gebeur. Dis nie asof Hy alles wil nie; asof Hý besluit, goed, nou gaan die mossie val, of nou gaan daardie een siek word of ’n ongeluk maak nie.
God se wil en hoe dinge van dag tot dag gebeur, is nie met ’n eenvoudige reguit lyn te verbind nie. Natuurlik hou alles met God se wil verband. Natuurlik kan ons, en moet ons ook, iewers in alles wat om ons gebeur en met ons gebeur die hand van God sien. Hy is immers ons Vader wat vir ons sorg. Hy is by as ons Hom nodig het!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026